Ges. 109: 1,3 (36) **'n Leë Lied?** a/Kp 25 Des. 1960.
" 3: 4,6. Luk. 2: 8-20.
" 107: 4,6. (66).

Luk. 2: 14 - Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!

Watter voorreg om u almal toe te roep: 'n geseënde Kersfees! Maar nog 'n groter voorreg om verder te gaan en te vertel waarom ons u dit mag toeroep: wat alles gebeur het en wie dit moontlik gemaak het dat ons vir mekaar mag sê: 'n Geseënde Kersfees!

Ja, ek weet u sê vir my: ds. Kersgroet beteken vir baie mense wat dit uitspreek in woord of met 'n kaartjie so goed as niks! Maar dit maak nie saak nie: wat saak maak is dat u en ek weet dat op 'n goeie nag, eeue gelede, die eerste Kerswens uitgespreek, ja, uitgesing is as 'n bede wat die hele wêreld moes hoor! En dat ons daardie loflied nooit mag laat verstom solank as ons leef nie!

Maar dan moet ons eers soek om te verstaan wat God bedoel het om te sê toe die Koor van hemelgesante uit die onsigbare wêreld om ons die lied laat weerklink het: Teks. Ons stil word, soos d. herders.

Ons beluister hier:

I **'n Bevel:** Die eerste refrein ~~deel~~ v.d. lied vind u in die woorde: „Eer aan God in die hoogste hemele"

In dié woorde lê 'n godd. eis. 'n bevel vir alle mense in hulle betrekking tot God: die engele kom om d. mensdom mee te deel dat dit die mens op aarde se plig is om eer en aanbidding en lof vanaf die aarde toe te bring aan die allerhoogste God wat woon in die allerhoogste hemele...
Dis 'n eis dat die mens moet erken: aan God alleen moet geskenk word d. eer en d. toewyding en d. liefde v hart v siel v verstand!

En waarom sing die engele dit? Omdat hulle d. hele mensdom daaraan wil herinner dat in die Skepping dit so was: toe het alle dinge en alle skepsels God ge-eer en aanbid! Daar was geen ander god behalwe die ware God nie! Maar deur d. mens is dit vernietig: het God v. sy eer beroof – dit aan valse gode gegee, ander gode geskep. - - -

En nou in Xtus J. se geboorte word alles weer herstel: Hy sou die lewende getuienis word v.d. Seun wat weer d. mens sou leer hoe om God te eer, hoe om sy Vaderskap te erken, hoe om Hom te dien en Hom alleen te aanbid! Die engele kom sê vir die hele mensheid: Xtus Jesus ~~k~~ het dit alles weer moontlik gemaak vir die mens: daarom moet julle dit glo en bewys!

→ Glo u dit? Dat Xt. dit vir ons kom gee het deur sy geboorte? Indien wel, hoe bewys u dit dan aan God? Hoe kom dit ~~tot~~ uiting in u aanbidding, u werk, u vriendskappe, u oordeel oor sake van die dag?

II Die Belofte: Maar God gee nooit 'n bevel sonder 'n belofte nie: God vra nooit iets sonder om te verseker dat wat Hy vra ~~goed~~ voordelig is vir sy kinders. Dit wou d. engele sê toe die tweede refrein v.d. lied d. nag oor d. velde v. Efratha mis: Vrede op aarde. Dis Gods belofte: waar d. mens aan God al die eer gee, daar laat God sy vrede op aarde neerdaal!

So was dit in die skepping: Gen 1:31 – „Toe sien God alles wat Hy gemaak het – en dit was baie goed" Daarom was daar harmonie, geluk, vrede in die skepping: die natuur was gesond, die mens was gelukkig, die gemeenskapslewe was gesond.

Maar met die ongehoorsaamheid v.d. 1e mensepaar is nie alleen hulle pers. verhouding tot God verbreek nie, maar d. hele balans v.d. skepping, die harmonie v.d. wêreld ontwrig!

En nou, nou kom God weer, sê die engele, in d. geboorte v.d. Seun v. God in d. vlees, en Hy kom herstel dd. vrede, Hy kom neem dd. oorsake van onvrede en botsing en stryd weg – Hy kom bring vrede op aarde!

→ Maar nou moet ons baie versigtig wees om nie in die versoeking te val om sentimenteel te raak oor oor vrede in die wêreld nie. Hier staan nie: vrede oor die aarde mr. vrede op aarde – Dus geen belofte van algemene vrede onder alle mense nie – want dan sou God ons bedrieg, mr. van vrede op aarde. Wat beteken dit?

Xtus se antwd: ① vrede in die siel v hart – inw. vrede (Xtus se belofte

② Vanuit hd. vrede werk dit deur na vrede tussen alle groepe v volkere!

III) Die betekenis: „In mense 'n welbehae"

Dus: I + II bring III: nuwe verhouding tussen mens en mens

Die grond van dit alles: God se welbehae in Xtus, sy geliefde Seun; Xtus se welbehae in alles wat God aan Hom gegee het om te herstel. Die uitvloeisel: stroom van liefde, nuwe begrip van mensl. verhoudinge: in Xtus geniet jy jou medemens – broeis 'n fontein v. liefde en genade op wat jy heil oordra aan alle mense! Nie omdat hulle lyk hulle dink soos jy dink, omdat hulle mense soos jy lyk, maar omdat Xtus hulle liefgehad het!
is vir wie Xtus liefgehad het!
Nie: in my familie, vriende, volk alleen!
→ Waarom nie meer waar? Waarom sien ons nie meer daarvan?